## KONTAKBESONDERHEDE


**Kerkkantoor**
**Erna Schuite**
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
**Leraar**
**Ds Franziska Andrag-Meyer**
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
**Koster**
**Elize Oosthuizen**
060 884 4756


## BANKBESONDERHEDE

**NGK Suidpunt**
**ABSA**
**Takkode: 334-412**
**Rek nr: 1780147276**
**Gee asb 'n verwysing, bv. Dankoffer**

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en klik op "mpaid.us" (**LW NIE** jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.
**QR kode op binneblad.**



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Linette | Crous | 05/03 |
| Alta | de Beer | 05/03 |
| Maretha | Jamneck | 05/03 |
| Ina | Niehaus | 05/03 |
| Philip | van Wyk | 05/03 |
| Jaco | van Zyl | 05/03 |
| Marlene | Vos | 05/03 |
| Elmaré | Bester | 05/04 |
| Elna | Brazier | 05/04 |
| Rhona | de Jager | 05/04 |
| Thinus | Cloete | 05/05 |
| Anine | Joubert | 05/05 |
| Maria | Rentzke | 05/05 |
| Christine | Roeloffze | 05/05 |
| Anine | van Rensburg | 05/05 |
| De Wet | van Rooyen | 05/05 |
| Geoleen | Engelbrecht | 05/06 |
| Frans | jv Rensburg | 05/06 |
| Cobus | Engelbrecht | 05/07 |
| Riana | Giliomee | 05/09 |

NG KERK
SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

3 Mei 2026

## WELKOM!

**EREDIENSTYE**
10h00 L'Agulhas
Sinodale kollekte:
Arbeidsbediening
**Maandag**
Projekte en Funksies
**Donderdag**
10h00 Barmhartigheid
**Vrydag**
07h30 Mannebybelstudie
09h00 All Pay

**Sondag 10 Mei**
09h00 L'Agulhas
10h00 Struisbaai
Kategese
Spesiale kollekte:
Lidmaatbediening

## SINODALE OFFER - ARBEIDSBEDIENING

Die evangelie word na mense in die volgende bedryfsektore gebring:

1. Handel en Industrie
2. Transnet
3. Biblia Hawesending

Arbeidsbediening is oop vir almal in die werkplekke wat deur hulle besoek word.

Persoonlike gesprekke/berading en mentorskap waar nodig word gedoen.

Toerusting en ontwikkeling van werkgewers en werknemers vind plaas by wyse van verskillende programme.

Ondersteuning en 'n Christelike teenwoordigheid in die werkplekke word beoog.

**Teksvers:** 1 Pet 2: 9

Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.

## Ons bid vir...

1. Oop deure in die ARBEIDS-WÊRELD, sodat die evangelie van Christus versprei kan word en daar geleenthede is om geloof in 'n natuurlike, nie-opdringerige wyse te kan deel.
2. Moed om op te staan vir ons geloof in 'n omgewing wat soms vyandiggesind is.
3. Gesprekke in die werkplekke wat daartoe sal lei dat mense smag na meer pitkos.
4. Lidmate wat ongesteld is of wat nog herstel na operasies.
5. Versorgers, vir energie, geduld en wysheid.
6. Vol damme en regverdige kanalisering van water.
7. Sumarius Uys-herstel na operasie
8. Carina Pienaar— herstel na operasie

## Vir ons kinders

### Hoe om goeie verhoudings met jou maats te hê:

1. Stel 'n voorbeeld, wees lojaal en betroubaar teenoor jou vriende en behandel jou maats met liefde en genade.
2. Bou op en ondersteun. Bemoedig ander en help waar moontlik.
3. Getuienis deur jou lewe. Jy kan jou vriende beïnvloed deur opregtheid en integriteit te toon.
4. Wees 'n vredemaker. Hanteer konflik op 'n kalm manier. Vergewe en moenie twis aanhelp nie.
5. Wees lief vir hulle. Jesus leer ons om ons naaste lief te hê soos onsself. Dit beteken dat jy jou vriende met sorg, deernis en sonder selfsug moet behandel.

Om as Christen goeie verhoudings met maats te kan hê, moet jy Bybelse waardes soos liefde, respek en opregtheid uitleef.

## Doen & Deel

**DANKIE VIR:**

1. Geseënde fondsinsamelings vir ons sendinguitreike (hoenderbraai vir Kenia en klereverkope vir Msinga).
2. Die heerlike, ontspanne nuwe intrekkerstee. Dankie vir Jan en Essie Beyer wat die lieflike vuurtoringkoekies gebak, versier, verpak EN geskenk het!
3. Dankie vir laas Sondag se "kwartet" met hulle snaarinstrumente (Teresa le Roux, Anton Schutze, Kobus Pretorius en Johann Senekal). Karin Michau het hulle mooi afgerig en begelei.
4. Almal wat Saterdagoggend 08h00 saamgeklim het na die Nautilus Skulpkonstruksie by Spookdraai (Madie Haynes, Marietjie Hansen, Petro, Roeline, Yvonne en Neil Bester, Karien de Witt, Francina Cumpsty, Kobus Pretorius, Dalene Louw, Suzette Fraser en Joanie Pretorius).
5. Suidpuntkoor wat 'n vakansiedag opgeoffer het om in Napier te gaan sing.
6. Nuwe intrekkers wat alreeds aktief betrokke is by ons gemeente se aktiwiteite.
7. Die staatmakers wat getrou bydraes gee en werk en lei.
8. Reën in die pragtige omgewing waarin ons woon.

**WOL**

Madie Haynes vra oorskietwol vir 'n tannie in Noord wat musse en slaapkouse brei vir die kindertjies daar. Gee dit asseblief by die Kerkkantoor af (08:00 tot 12h00 van Dinsdag tot Donderdag). Dit kan ook Sondae kerk toe gebring word, waar Madie dit sal ontvang. Madie se kontaknommer: 0822932336.